Wees Anders...
SUIDER-PAARL GEMEENTE
...Want Jesus is Anders...

BULLETIN – 11 APRIL 2021
UITGAWE 12

Tel: 021 863 2700/1635
Epos: info@suiderpaarl.co.za
www.suiderpaarl.co.za

Leraars:
Ds. Carel van Wyk 082 870 5701
Ds. Theo Hay 083 280 6184
Dr. André Kilian 082 320 1784
Ds. Lenois Stander 084 627 9543

Jeug:
Vicus Kruger 082 929 7163

Kinderbediening:
Benita van der Merwe 083 379 4702

WELKOM

Hartlik welkom in die erediens vanoggend. Baie welkom ook aan alle nuwe intrekkers. Indien jy meer inligting oor Suider-Paarl Gemeente benodig, of 'n lidmaat wil word, besoek gerus ons webwerf www.suiderpaarl.co.za of skakel die kerkkantoor telefonies by 021 863 2700.
Kom drink gerus 'n koppie koffie of tee ná die erediens in die Granaat.

Aanlyn diens: Ds. Theo Hay
08:00 Erediens Suider-Paarl: Ds. Theo Hay
09:00 Erediens & **Doop** Klapmuts: Dr. André Kilian
09:30 Erediens Suider-Paarl: Ds. Theo Hay
Teks: Johannes 20:19-31
09:30 @SPkidz
19:00 #COLLIDE

VOLGENDE SONDAG, 18 April

Aanlyn diens: Ds. Carel van Wyk
08:00 Erediens Suider-Paarl: Ds. Carel van Wyk
09:00 Erediens Klapmuts: Ds. Carel van Wyk
09:30 Erediens & **Belydenisaflegging** Suider-Paarl: Vicus Kruger
09:30 @SPkidz
19:00 #COLLIDE

DOOP

Baie welkom en baie geluk aan **Jadian en Marihaan Jakobs** en die familie van **Jailyne Catalea** wat vanoggend by Klapmuts kerk gedoop word.

DEURRY BASAAR / BASAAR IN ‘N BOKS

Ons harte loop oor van dankbaarheid vir die Reëlingskomitee, sameroepers, helpers en elke lidmaat wat bygedra het tot ‘n uiters suksesvolle deurry basaar / basaar in ‘n boks. Die oorweldigende hulp en ondersteuning het ons gedra na ‘n stewige inkomste van R48 000. Ons is trots op ons gemeente – baie dankie!

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 13 April

19:00 @SITKAMER (Jong volwassenes) Kontak Vicus Kruger telefonies by 082 929 7163 vir navrae.

Donderdag, 15 April

19:00 Belydenisklas

Vrydag, 16 April

05:30 Bybelstudie Mannegroep (Vir meer inligting, kontak Theo Hay telefonies by 083 280 6184)

VANDAG BY @SPKIDZ

@SPkidz Gr 1: Die kinders hoor in die storie van Noag dat God regverdig is. Hy sien mense raak wat aan Hom gehoorsaam is en Hy maak ‘n duidelike plan om sy kinders te red.

@SPkidz Gr 2: God se plan met sy volk loop deur die water. Die Here het die Israeliete se hart geken. Hy het geweet hulle sou maklik omdraai en teruggaan Egipte toe as hulle probleme en teenspoed langs die pad sou optel. Daarom het Hy hulle met ’n ompad laat trek. Dit was ’n langer pad, maar vir die Israeliete was dit die beste pad. Ons sien hoe die gesindheid van die volk teenoor die Here en Moses verander.

@SPkidz Gr 3: Josua word die volk se leier. Josua stel die volk voor ‘n keuse: Kies die Here, maar besef wat dit van jou sal vra: nie net gehoorsaamheid nie, maar al jou liefde en jou hele lewe!

@SPkidz Gr 4: Die jong opkomende “ster”, Dawid, ondervind hoe die jaloerse koning Saul hom bedreig, maar hy bly in alle omstandighede waardig en wag totdat die Here hom “verhoog”. Die kinders leer 2 belangrike eienskappe: 1) Ek kan waardig bly wanneer allerhande bedreigings (uit my familie asook van ander gesagsfigure) oor my pad as gelowige kom. 2). Ek leer om te wag totdat die Here se tyd aanbreek. Terwyl ek wag, doen ek my bes in hierdie wagtydperk.

@SPkidz Gr 5: Ester deel 2. ’n Wrede plan om ‘n nasie uit te wis. Die dogters beleef ‘n stukkie van Ester se mooimaak proses en die seuns wys hulle bouvernuf.

@SPkidz Gr 6: “Walk in faith” is nie altyd so maklik nie. Ons leer by ’n paar Bybelkarakters hoe hulle dit gedoen het.

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

...vir alles wat die Here vir ons as gemeente beplan. Mag sy planne vir ons tot uitvoering kom.

...vir die gesondheidsektor wêreldwyd, vir die bekamping van die Covid-virus en vir mense wat die virus onder lede het.

...vir ons lidmate wat siek is of operasies moet ondergaan/ondergaan het.

...vir die welstand van gesinne. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees.

... vir die leierskap en kerkraad van Suider-Paarl Gemeente. Vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid.



DANKOFFERS

Die Gemeenteraad is opreg **dankbaar** teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun.

Bydraes kan soos volg gemaak word: **NGK Suider-Paarl, ABSA Tak: 632005, Tjekrekening: 740580132**

KLAPMUTS

DAAR IS STEEDS 'N GROOT BEHOEFTE AAN TWEEDEHANDSE KLERE VIR DIE SOPKOMBUIS IN KLAPMUTS. INDIEN U KAN HELP MET SKENKINGS, KAN DIT GERUS BY DIE KERKKANTOOR AFGEGEE WORD.

BAIE DANKIE DAT U BEREID IS OM TE HELP.

H A R T L I K G E L U K M E T J O U V E R J A A R S D A G

Sondag, 11 April 2021
Maré Agostinelli-Mostert, Nicolene Dreyer, Karin Ferreira, Samantha Ferreira, Dominic Hendricks, Elmarie Oosthuizen, Pierre van Staden, Ellie Willemse

Maandag, 12 April 2021
Albert Beukes, Marnich Dippenaar, Corrie Muller, Danie Obermeyer, JD Pretorius, Alexander Wiese

Dinsdag, 13 April 2021
Mari Crafford, Steyn Enslin

Woensdag, 14 April 2021
Wilmien du Plessis, Magriet Janse van Vuuren, Joshlyn Kerspuy, Natasha le Roux, Berrie Rossouw, Tanya Swart

Donderdag, 15 April 2021
Jean Celliers, Paul Ferreira, Herman Hammann, Jaydin Jacobs, Jean Lamprecht, Mia Olivier, Faan Oosthuizen, Henco Pretorius, Marili Scharrighuisen, Hendro van Biljon, Niel van der Merwe, Bacia Williams

Vrydag, 16 April 2021
Danelle Dale, Cecile Heyns, Jurie Human, Christiaan Liebenberg, Liesl Malan, Jackie Norval, Naomi Opperman, Karin Prinsloo, Arlene Sonnenberg, Jóke Viljoen, Johnny Willemse

Saterdag, 17 April 2021
Talisa Carstens, Liezl Destroo Smit, Anny Raman, Allan Roodman